# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL**

**SG**

**Tweede Vraestel : Letterkunde**

**102-2/2**

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL SG: Vraestel 2

102 2 2 SG

19 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS.**

---

## AFDELING A
**Poësie**


| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | **Bladsy** |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | **Melkkantien** | **3** |
| | **Sprokie vir 'n stadskind** | **4** |
| | **Hansie en Grietjie** en **Dans van die reën** | **6** |
| | **Sproeireën** | **8** |


## AFDELING B
***Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 2** **9**


## AFDELING C
***Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee)**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 3** **13**


## AFDELING D
***Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**


Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 4** **17**

## AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 1

***Melkkantien*** **– E. Eybers**

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

**Uit:** ***Senior Verseboek***

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

1.1 "Wat soek sy hier waar alles glim ..."

1.1.1 Waar is die **hier**? (1)

1.1.2 Watter WOORD sê dat alles baie skoon is? (1)

1.2 Wat was so rooi soos tamatiesap? (1)

1.3 Wat het die kliënt bestel? (1)

1.4 Hoe het die jong kelnerinne aangetrek? Gee slegs EEN WOORD. (1)

b.o.

1.5 Pas **KOLOM B** se inligting by die feite in **KOLOM A**. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTERS.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | haartoutjies | A. | om die hoek |
| 1.5.2 | geen tande nie | B. | klou |
| 1.5.3 | apteek | C. | vaal |
| 1.5.4 | hou die glas styf vas | D. | tandeloos |

(4)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

Watter woord sê dat sy baie bly was dat iemand met haar gepraat het?

A. afgewater
B. afgesloof
C. powerheid
D. oorstelp (1)

**(10)**

**EN**

***Sprokie vir 'n stadskind* – K. du Plessis**

As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn
sal daar in die sterrelose hemel
'n neonboog verskyn.

En kyk maar goed, want as jy hom vind,
vertel ek vir jou 'n sprokie, my kind,
van 'n skatkis, met ou kettings gebind,
aan die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere,
oor kranse van beton;
as jy aanhou stap, tienduisend ure,
sal jy dalk daar kom.

Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:
As jy geluk en vreugde wil vind,
soek die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere;-
kyk nie één maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere ...
en dalk 'n brokkie son.

Uit: ***Senior Keur***

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

1.7 Haal 'n WOORD aan uit die gedig wat vir ons sê dat die lug besoedel was. (1)

1.8 Wat sal gebeur nadat die stof, roet en rook verdwyn het? (1)

1.9 Wat sal gebeur as die kind die neonboog se punt vind? (1)

1.10 Haal woorde aan uit die gedig wat dieselfde beteken as:

1.10.1 hoë geboue (1)
1.10.2 strate (1)

1.11 Hoe lank moet die kind omtrent stap? (1)

1.12 Watter WOORD uit die gedig sê dat die sprokie al vir baie jare oorvertel word? (1)

1.13 Wat moet jy vind as jy geluk en vreugde wil hê? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

Watter waarskuwing gee die spreker vir die kind?

A. Soek die neonboog in die lug.
B. Jy moet elke nag stap.
C. Moet nie een maal omkyk nie.
D. Breek die kettings los. (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

Watter WOORD sê dat die kind dit miskien nie sal vind nie?

A. verskyn
B. dalk
C. volg
D. hemel (1)
**(10)**

**EN**

### *Hansie en Grietjie* – E. CASTELYN

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en-pappies hulle haal
met 'n ystersaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

**Uit:** ***Senior Keur***

**EN**

### *Die dans van die reën* – E. MARAIS

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;

sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

**Uit:** ***Senior Verseboek***

1.16 Lees die vrae in **KOLOM A** en soek die antwoorde in **KOLOM B**. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.16.1 | Wat is die honderde kersies in die gedig? | A. | huil tot vanaand |
| 1.16.2 | Watter woorde sê dat hier van donderweer gepraat word? | B. | jaag |
| 1.16.3 | Watter woorde sê dat hier van weerlig gepraat word? | C. | reën |
| 1.16.4 | Hoe weet ons dat die ouers altyd vinnig gery het? | D. | haar armbande blink |
| 1.16.5 | Wie het die Suster uitgenooi na die bruilof? | E. | baie liggies |
| 1.16.6 | Wanneer word die kindertjies by die bewaarskool afgelaai? | F. | winde |
| 1.16.7 | Wat is die Suster eintlik in die gedig? | G. | nuutste model |
| 1.16.8 | Hoe weet ons dat die kindertjies baie ongelukkig is? | H. | saggies roep sy |
| 1.16.9 | Kleinvolk en grootwild | I. | die volgende môre |
| 1.16.10 | Hoe weet ons dat die ouers se motor modern is? | J. | diere in die woestyn |

**[10]**

**EN**

***SPROEIREËN* – D.J. OPPERMAN**

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ...iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

**Uit: *Senior Verseboek***

**VRAE**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

1.17 Voltooi: As die spreker 'n nartjie ruik, dan dink hy aan sy 1.17.1 ______ en as hy kaneel ruik, dan dink hy aan sy 1.17.2 ______. (2)

1.18 Watter WOORD sê dat hy nie kan onthou wie hom aan anys laat dink nie? (1)

1.19 Wat maak die spreker met 'n nartjieskil? Gee slegs TWEE WOORDE. (2)

1.20 Kies die KORREKTE woord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

Sproeireën beteken ...

A. die sap van die nartjieskil lyk soos reën.
B. die reën val op die nartjies.
C. fyn reën wat op die nartjies val.
D. harde reënbuie. (1)

1.21 Gee die naam vir baie nartjiebome. (1)

1.22 Wat het die spreker se nooi in die boorde gedoen, wat hy onthou? (1)

1.23 Watter EEN WOORD in die laaste strofe sê vir ons dat die spreker bly is as hy aan sy nooi dink? (1)

1.24 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Hierdie gedig handel oor (liefde / reuke). (1)
**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B

### KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2
### 'N MAN KOM TUIS – C. Barnard

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 Wie het langs die pad gestaan en gewag vir 'n rygeleentheid? (1)

2.2 Waarheen wou hierdie ryloper gaan? (1)

2.3 Drie van die antwoorde voltooi die sin NIE korrek NIE. Watter antwoord is KORREK? Skryf net die LETTER en die VRAAGNOMMER neer.

Die ryloper sê hulle is besig met die pad by ...

A. Skurweberg
B. Wilgerspruit
C. Blinkklip
D. Noordburg (1)

2.4 Hoeveel kilometer is dit na sy familie toe? (1)

2.5 Watter beroep beoefen die ryloper? (1)

2.6 Waarom hou die ryloper van sy werk? (1)

2.7 Wat het van die ryloper se eerste vrou en kinders geword? (1)

2.8 Met wie is die ryloper nou getroud? (1)

2.9 Noem EEN naam van die ryloper se kinders. (1)

2.10 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
Die ryloper sien sy familie (elke naweek / een keer 'n maand). (1)
**(10)**

**EN**

**MY BROER SE KRAAI – C. Barnard**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die NOMMER en die LETTER neer.

Waar het die broer die kraai opgetel? In die ______.

A. pad
B. swembad
C. veld
D. huis (1)

2.12 Is die volgende stelling WAAR/ ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die broer het 'n hok gemaak wat net uit hout bestaan het. (2)

2.13 Watter advies het die broer se familie vir hom oor die kraai gegee? (1)

2.14 Pas die name in **KOLOM B** by die beskrywing in **KOLOM A**.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.14.1 | Stywe stappie | A. | Simon |
| 2.14.2 | Hy is 'n werker vir die familie | B. | Vossie |
| 2.14.3 | Kom bedel brood elke oggend | C. | Die kraai |
| 2.14.4 | Praat met hom oor die kraai die Sondag | D. | Die verteller se broer |

(4)

2.15 Op watter dag het die kraai teruggekom? (1)

2.16 Wat het die broer met die hok gedoen toe die kraai teruggekom het? (1)
**(10)**

**EN**

**STORM OP DIE BERG – W.A. de Klerk**

**EN**

**DIE OOREENKOMS – D. Matthee**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHALE neer.
- Gee SLEGS die NOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.17 Lees die vrae/stellings in **KOLOM A** en soek die korrekte antwoord in **KOLOM B**. Skryf slegs die toepaslike VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.17.1 | Wat was die naam van die ouetehuis waar Jakob en Willem gebly het? | A. | Sarah |
| 2.17.2 | Hy was 'n wewenaar. | B. | Christien |
| 2.17.3 | Hy was 'n oujongkêrel. | C. | September |
| 2.17.4 | Ooreenkoms | D. | bloed |
| 2.17.5 | Sy het van Jakob gehou. | E. | Rusoord |
| 2.17.6 | Sy was intelligent en 'n goeie bergklimmer. | F. | Willem |
| 2.17.7 | Wie het voorgestel dat hulle drie moet gaan bergklim? | G. | Jakob |
| 2.17.8 | Tydens watter vakansie het hulle gaan bergklim? | H. | Jaco |
| 2.17.9 | Wat was die donker kol langs Jaco toe hy geval het? | I. | Tonie |
| 2.17.10 | Wie was verlief op Christien? | J. | Die een wat eerste doodgaan moet 'n teken kom gee. |

**(10)**

**EN**

**DIE WEDLOOP – P. Bekker**

**EN**

**ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – A.H. de Vries**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHALE neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.18 Watter sportsoort word in **Die Wedloop** beoefen? (1)

2.19 Watter sportsoort word in **Rooikoos Willemse is soek** beoefen? (1)

2.20 Wat was die uitslag van albei sportsoorte hierdie jaar? (1)

2.21 Watter TWEE karakters neem teen mekaar deel in **Die Wedloop**? (2)

2.22 Watter spanne neem teen mekaar deel in **Rooikoos Willemse is soek**? (2)

2.23 Voltooi: Rooikoos se swak puntjie was dat hy te veel 3.22.1 ______ het. (1)

2.24 Voltooi: In die begin van **Die Wedloop** was die twee hoofkarakters
2.24.1 ______, maar aan die einde van die verhaal het hulle goeie
2.24.2 ______ geword. (2)
**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C

**ROMAN:** ***Kringe in 'n Bos*** **– Dalene Matthee**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAAG 3**

**SAUL SE LEWE**

> Minute later loop Saul Barnard die Bos in en dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in.

3.1

> "Hulle sê dis Oupoot wat dit gedoen het."

3.1.1 Wat het Oupoot gedoen? (1)

3.2

> Die vorige dag nog was hy aan boord van die Pictor.

3.2.1 Waarheen was Saul op pad met die skip? (1)

3.2.2 Wie was die kaptein van die Pictor? (1)

3.3

> "En dit sou 'n bloubokkie wees wat die eerste dink in Saul laat loskom het."

3.3.1 Wat het Saul uitgevind waaroor die volwassenes vir hom gelieg het? (1)

3.4

> Die engels het julle ma kom haal," het hy gesê ..."

3.4.1 Watter siekte het Saul se ma gehad? (1)

3.4.2 Watter ander familielid is ook dood? (1)

3.5

> "Ek kap nie aan daardie boom nie, Pa."

3.5.1 Wie praat hier? (1)

3.5.2 Watter boom is hier ter sprake? (1)

3.5.3 Hoe lank het dit geneem om hierdie boom te laat val? (1)

3.6

> "Dis al wat ek van jou oorle pa tot nagedagte het."

3.6.1 Wat is die enigste ding wat Maska oor het van Saul se pa? (1)

3.6.2 Hoe is Saul se pa oorlede? (1)

3.7

> "Kry my hier uit, Barnard! Ek smeek jou!"
> "Ek sal jou hier uitvat in ruil vir jou pan."

3.7.1 Hoekom smeek die man vir Saul om hom uit die Bos te kry? (1)

3.7.2 Wie is die man wat hier met Saul praat? (1)

3.7.3 Wat wou Saul met die pan maak? (1)

3.7.4 Wie het vir Saul gehelp om die man uit die Bos te dra? (1)
**(15)**

**EN**

**SAUL DIE DELWER**

3.8 In watter gedeelte van die Bos het Saul goud uitgewas? (1)

3.9 Aan wie het Saul sy heel eerste goud verkoop? (1)

3.10 Hoeveel het hy vir Saul se goud betaal? (1)

3.11 Hoe lank het Saul in die Bos gebly om goud uit te was? (1)

3.12

> "Biggest bloody elephant I've seen in my life!"

3.12.1 Wie het hierdie woorde gesê? (1)

3.12.2 Watter olifant het hom gejaag? (1)

3.12.3 Hoe het Saul seker gemaak dat geen delwer naby sy area kom nie? Gee TWEE feite. (2)

3.13

> "Toe hy haar die laaste keer gesien het, was sy amper vyftien – sy moet nou twee-en-twintig wees."

3.13.1 Wie is die **sy**? (1)

3.13.2 Wat doen sy nou in die Bos? (1)

3.14

> "Ek ken die olifant, Kate."

3.14.1 Hoeveel dae het Kate saam met Saul in die Bos deurgebring? (1)

3.14.2 Wat het Saul en Kate gesien, wat hulle in 'n boom laat beland het? (1)

3.14.3 Hoekom was Saul so kwaad? (1)

3.15 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Saul het Oupoot self geskiet. (2)
**(15)**

**EN**

**SAUL EN FAMILIE**

3.16 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.

Saul Barnard, seun van houtkapper 3.16.1 ______, is in die Bos ontvang en gebore. 3.16.2 ______ was die oudste seun. Saul se ma kon 3.16.3 ______ en skryf. Saul se pa het vir hulle dinge van die 3.16.4 ______ geleer. Saul het 'n pakslae van sy pa gekry toe hy gesê het hulle is 'n spul 3.16.5 ______ wat die 3.16.6 ______ van binne af vrot vreet. Saul se pa het hom weggejaag toe hy 3.16.7 ______ jaar oud was. Hy het toe vir MacDonald gaan werk. Hy het agter in die 3.16.8 ______ gebly. Hier het hy ses dae hard gewerk en die sewende dag het hy vir 3.16.9 ______ gesien. Saul het eendag vir Kate gesê dat 'n mens is net mens as jy baie geld het en boonop 3.16.10 ______ kan praat. **(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D

### NOVELLE: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

### VRAAG 4

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Gee SLEGS die nommer en die ANTWOORD.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### PHILIP UYS SE KINDERDAE

> Die steenkooldorpie was maar altyd daar, die eerste beelde van sy geheue.

4.1 Beantwoord die vrae oor Philip Uys se kinderdae.

4.1.1 Waar het Philip Uys grootgeword? (1)

4.1.2 Hoekom was Philip se ouers ongelukkig getroud? (1)

4.1.3 Is die volgende stelling WAAR/ ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Philip se familie was baie ryk. (2)

4.1.4 Hoe oud was Philip toe hy by 'n kafee gaan werk het? (1)

4.2 Wie was die eienaar van die kafee waar Philip gaan werk het? (1)

4.3 Hoekom wou Philip gaan werk het? (1)

4.4 Is die volgende stellings WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

4.4.1 Philip het twee dae by die winkel gewerk. (2)

4.4.2 Philip het sy geld by die eienaar gevat en geloop. (2)
**(11)**

**EN**

## PHILIP UYS AS HOOF

4.5 By watter skool was Philip Uys die hoof? (1)

4.6 Watter seun het 'n diefstal by die hoof gaan rapporteer? (1)

4.7 Wie word verdink van diefstal? (1)

4.8 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Casper weet dat mnr. Uys hom glo oor die beursie. (2)

4.9 Voltooi die paragraaf hieronder met die KORREKTE antwoorde. Kies jou antwoorde uit die volgende lysie. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die KORREKTE antwoord neer.

**gelukkig; maagsweer; ongelukkig; hoofpyn; Nic Swanepoel; Daan Claasen; inspekteurspos; Swartgrond; hoofpos; Doringspruit**

Philip Uys het 'n 4.9.1 ______ wat hom baie keer laat sleg voel. Later die aand kry Philip 'n oproep van 4.9.2 ______ oor die moontlikheid van 'n 4.9.3 ______ in 4.9.4 ______. Philip het baie opgewonde hieroor gevoel, maar sy vrou was 4.9.5 ______. (5)

**(10)**

**EN**

## WESSEL LATEGAN

"Ek is al gewoond daaraan dat jy gereeld sy donkiewerk vir hom doen, maar gun die man jou nie eers net jou middagete in vrede nie?"

4.10 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Haal 'n WOORD aan uit die aanhaling as bewys.

Wessel Lategan se vrou dink dat hy nie baie hard werk nie. (2)

4.11 Wat moes Wessel die aand by die skool gaan doen het? (1)

4.12 Vir wie het Wessel gevang rook? (1)

4.13 Watter bevorderingspos kan Wessel moontlik aan die einde van die verhaal kry? (1)

**(5)**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

4.14 Wie glo die hele tyd aan Casper se onskuld? (1)

4.15 Wie soek 'n ma vir Casper? (1)

4.16 Wie kyk af gedurende 'n toets? (1)

4.17 Gee die naam van Wessel se vrou. (1)

4.18 Wie is die "swartskape" wat in die verhaal genoem word? (2)
**(6)**

**EN**

4.19 Pas die woord/e in **KOLOM B** by die woord/e in **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.19.1 'n ongeluk | A. vriende van die Lategans |
| 4.19.2 hoofseun | B. Bertrand Swart |
| 4.19.3 sproetgesig | C. haar ouers was ryk |
| 4.19.4 leerlinge wat dagga rook | D. Braam |
| 4.19.5 hy breek 'n rekord in atletiek | E. dagga |
| 4.19.6 Moira | F. Wessel Lategan |
| 4.19.7 Louis Uys | G. 'n swart motor stamp twee leerlinge |
| 4.19.8 Swanepoels | H. Braam se pa |
| 4.19.9 Bertha | I. Marius Schneider |
| 4.19.10 marijuana | J. Sy het op Doringspruit grootgeword |
| 4.19.11 tref-en-trapongeluk | K. Mari-klub |
| 4.19.12 Hamman | L. Adjunk-direkteur |
| 4.19.13 "Kom ons gooi hulle in die sloot." | M. vriendin van Madeline |
| 4.19.14 chirurg | N. Madeline se kêrel |
| 4.19.15 Dirk Momsen | O. Sersant in die polisie |
| 4.19.16 Sannie Momsen | P. Casper |

**[16÷2=8]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**